

# St. Cosmas en St. Damianus

## 26 September

(sterf 303)

Hulle was twee geneeshere, afkomstig uit Sirië, wat in Rome hul dienste gratis aan die siekes gebied het. Dit het hulle uit geloofsoortuiging gedoen en in troue navolging van die Here Jesus Christus. Op dié manier het hulle die Evangelie uitgeleef en verkondig. Tydens een van die wrede vervolgings wat gelowiges dikwels moes verduur is hulle in hegtenis geneem en sterf hulle ’n marteldood. ’n Basiliek in die Romeinse Forum is aan hulle toegewy en hul name word in die antieke Romeinse Kanon vermeld.

© Die Oratorium Uitgewery